

17 April

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 14

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 14:18

Gebruik jou gawes dankbaar

God gee aan verskillende mense die gawes van sy Gees soos Hy wil (1 Kor 12:11). Liefde en die gawe om God se boodskap te verkondig, is die gawes wat gelowiges veral moet nastreef (1 Kor 14:1).

God gee nie die gawes ter wille van onself nie. Hy gee nie gawes as 'n teken dat sommige gelowiges beter is as ander nie. Hy gee gawes sodat dit tot voordeel van medegelowiges gebruik kan word (1 Kor 12:11).

Paulus dank God dat hy ook die buitengewone gawe ontvang het om ongewone tale of klanke te gebruik, maar hy stel dit ondergeskik aan die gawe om ander te onderrig. Om ander te onderrig, is van groter betekenis vir ander mense as die gawe om ongewone tale of klanke te gebruik wat tot geen nut van sy medegelowiges is nie (1 Kor 14:6).

Dank God vir al die gawes wat Hy jou gee, maar waak teen hoogmoed. Streef na liefde en verkondig God se boodskap. God se boodskap kan mense van die ewige dood red. Dit het baie meer waarde as om in ongewone tale te praat of mense gesond te maak (vgl. 1 Kor 12:30, 31).

Sing: Psalm 100:1, 2, 3 (1936-beryming)

Dr EJ de Beer (Laeveld)